



Dynamic Wealth
Established in 1971

Castle Walk Corporate Park Blok B
Cnr Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2001/2

EKONOMIESE & MARK ANALISE

Dynamic Wealth is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer

JUNIE 2008

MARKONTLEDING

TABEL 1: KERN MARKAANWYSERS MEI 2008

AANWYSER	30 Mei sluiting	Maandelikse beweging	Verwagting vir die maand
ALSI	31859	+1098(+3.57%)	Toename
Nywerheidsindeks	25139	+801(+3.29%)	Toename
Goudindeks	2226	-23 (-1.02%)	Volatiel
Finansiële indeks	18257	1335 (-6.81%)	Afname
SA Eiendomsindeks	261	-21(-7.29%)	Afname
Rand/dollar	R7.62	+7 (+0.91%)	R7.70-R8.15
Goudprys	\$886	Nul	\$860-\$900
Dow Jones	12638	-181(-1.42%)	Afname
FTSE-100	6053	-34 (-0.56%)	Toename
Nikkei	14338	+488 (+3.53%)	Toename
Hang-Seng	24123	-1632(-6.34%)	Afname
R157	10.14%	+64 (+6.74%)	Toename

Weens rekordstygings in die internasionale pryse van voedsel en olie, het finansiële markte regoor die wêreld hul onseker en wisselvallige bewegings in Mei en in die eerste twee weke van Junie voortgesit. Die sterk styging in die prys van ru-olie van 18.35% oor die afgelope ses weke, het tot die voortsetting van dieselfde patroon sedert die begin van die jaar op wêreld-aandelemarkte gelei. Kommoditeitspryse en kommoditeitsaandelepryse het gestyg, terwyl kleinhandel, finansiële en eiendomsaandelepryse gedaal het. Die Dow Jones en FTSE indekse het elke week sedert 30 April volatiel en in teenoorgestelde rigtings beweeg.


Inflasie- en rentekoersonsekerhede oorskadu hierdie markte en die olieprysdebat verhoog die volatilititeit. In hierdie opsig kom verskeie studies uit verskillende oogpunte tot verskillende gevolgtrekkings. Dus strek die vooruitsigte vir die olieprys oor die volgende twee jaar van \$40 per vat tot \$200 per vat. Verdere onsekerhede rondom die VSA ekonomie rakende inflasie- vs resessievrese dra ook by tot die huidige volatiele beweging op internasionale beurse.

Gegewe die huidige inflasionistiese druk voortspruitend uit die stygende oliepryse, word hoër rentekoerse regoor die wêreld 'n sekerheid. Dus is ekonomiese groei vir 2008 deur die Wêreldbank van 5.0% tot 3.8% afgeskaal. Dit blyk of Japan die uitsondering is met 'n verwagte skerp styging in ekonomiese groei vir 2008 tot meer as 3.0% van byna zero in 2007. Dus word dit verwag dat die Nikkei-indeks verder skerp sal styg.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



Figuur 1: Die verskil in prestasie van die JSE hulpbron 20 en finansiële indekse




Plaaslik duur die skewe prestasie binne die JSE voort (sien Figuur 1). Die skerp stygings in kommoditeitspryse, veral platinum, steenkool, ystererts en sagte kommoditeite verhoog die hulpbron 20 indeks byna op 'n daaglikse basis (27.91% styging vir die jaar tot datum) teenoor die daling in die finansiële indeks (22.3% laer vir die jaar). In hierdie opsig het die ALSI met net meer as 7% sedert die begin van die jaar tot en met die sluiting op Vrydag, 13 Junie 2008 gestyg. Maar die volatilititeit blyk uit die afwaartse beweging van 14.75% op 22 Mei tot 5.1% op 6 Junie.

Die fundamentele drywers van die aandele-, effekte, geld- en eiendomsmarkte in Suid-Afrika is die twee wanbalanse, naamlik steeds stygende inflasiekoers en die eskalاسie in die lopenderekening-tekort. Dit word verwag dat inflasie-X die 12% vlak teen Augustus sal bereik – byna dubbeld die 6.3% van Augustus 2007. Dieselfde met die lopenderekening-tekort wat as % van BBP van 6.9% in die eerste kwartaal van 2007 tot 9.0% in die eerste kwartaal van 2008 gestyg het (sien die Ekonomiese Ontleding). Hierdie twee wanbalanse, tesame met die internasionale olieprys, VSA sub-prima probleme, \$/Euro wisselkoers en wêreldinflasie sal die beweging in aandelepryse vir die res van die jaar domineer.

TEGNIÛSE ONTLEDING

Die Top 40 indeks het in Mei aansienlik verswak en die opwaartse neigingslyn is gebreek. Die indeks het begin om 'n klassieke kop en skouers formasie te vorm, wat daarop dui dat 'n ommekeer in die mark gaan plaasvind. Soos blyk uit die grafiek, word die regterskouer gevorm. Indien dit gebeur en die Top 40 indeks breek deur die neklyn van 28650 punte, sal die indeks met sowat 10% tot 15% van sy huidige vlak daal tot 25550 punte.

Figuur 2: TOP 40 Indeks



EKONOMIESE ONTLEDING

INTERNASIONAAL

Skerp stygende inflasieverwagtings wat hoofsaaklik deur hoë oliepryse gedryf is (\$139 per vat in Junie van \$65 per vat 'n jaar tevore) oorheers die wêreldtoneel. Om die stygende olie- en voedselgedrewe inflasie teen te werk, word rentekoerse wêreldwyd verhoog. Weens die negatiewe impak van hierdie verwickelinge op verbruikers, word betogings teen die hoë olieprys regoor die wêreld gehou. Gevolglik is 'n Internasionale Olieberaad op 22 Junie gehou, waar die hoofboodskap was dat vraag steeds die produksie oorskry.


Alhoewel die *BRIC* lande 'n voortdurende impak op die wêreld ekonomie het, is dit die ontwikkelings in die Verenigde State (VSA) wat wêreld-ekonomiese tendense bepaal. Die hoofoptreders is stygende inflasie en 'n teer verbruikersgedrewe ekonomie. Die VSA penarie is dat dit inflasie moet teenwerk, maar kan dit nie doen met hoër rentekoerse nie, omdat dit ekonomiese groei vooruitsigte selfs verder sal demp.

Gevolglik gebruik die regering en sentrale bank hul oorredingsvermoë tydens toesprake om die dollar te probeer verstewig. Die doel is dat 'n sterker dollar invoerpryse (veral olie) verlaag wat dan inflasie so kan beperk. Huidige ramings van die Internasionale Monetêre Fonds dui daarop dat die swakker dollar verantwoordelik is vir sowat een-derde in die styging van die olieprys.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspuitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



Figuur 3 – Olieprys styg soos die dollar verswak



Vir die 'oorredingstrategie' strategie om suksesvol te wees, moet die dollarversterking die ingevoerde inflasie oortref. En die verstewiging moet volhoubaar wees. In beide gevalle blyk dit hoogs onwaarskynlik te wees.

Eerstens, want hoewel die dollar met 4% verstewig het sedert die begin van die oorredingstrategie 'n maand gelede, styg pryse vinniger (as die dollarverstewiging) in lande vanwaar die meerderheid van VSA invoere afkomstig is. Asiatiese inflasie het byvoorbeeld 7.5% in April bereik – dubbel die koers van 'n jaar gelede. In die Midde-Ooste het inflasie van olie-uitvoerders soos Saoedi-Arabië, Oman, Qatar en Koeweit bykans verdubbel.

Tweedens, 'n sterker dollar moet deur fundamentele faktore gedryf word. Dit is nie die geval in die VSA nie. Die handelstekort vergroot steeds, terwyl werkloosheid tot 5.5% gestyg het. Dus, totdat die fundamentele faktore op 'n versterkende geldeenheid dui, kan die sterker dollar van 'n korttermyn aard wees.

SUID-AFRIKA

Ekonomiese groei verlangsaam, die geldeenheid is aan't verswak, inflasie styg en rentekoerse kan verder verhoog word. Alhoewel dit genoeg rede vir pessimisme is, vorm dit deel van die ekonomiese herbalanseringspakket. Die eindresultaat sal 'n gesonder ekonomie wees.

TABEL 2: KERN EKONOMIESE AANWYSERS

Ekonomiese Aanwyser	Jongste*	Periode	Vorige	2007	2006
Verbruikersprysinflasie (VPI)	11.1%	Apr	10.6%	7.1%	4.7%
Inflasieteiken (VPIX)	10.4%	Apr	10.1%	6.5%	4.6%
Produksieprysinflasie: (PPI)	12.4%	Apr	11.8%	10.0%	7.7%
M3-Geldvoorraad	21.1%	Apr	21%	22.2%	22.8%
Private Sektor Kredietverlening	19.6%	Apr	22.6%	23.7%	24.1%
Repokoers	12%	Jun	11.5%	11.0	8.0
Prima koers	15.5%	Apr	15%	14.5%	12.5%
Ekonomiese Groei *	2.1%	KW1	5.3%	5.1%	5.4%
Kleinhandelverkope	-1.1%	Apr	-0.3%	5.1%	9.6%
Vervaardigingsproduksie-volume	9.8%	Apr	-1%	4.1%	4.8%
Werkloosheid (eng definisie)	23%	Sept'07	25.5%	25.5	25.6%
Lopende Rekeningtekort – werklike bedrag (R'miljard)	R41.1	KW1	R38.1	R145	R112.4
Handelstekort (R'miljard)**	-R31.6	Jan-Apr	R20.9	R69.3	-R68.6
Buitelandse Aankope: Aandele en Effekte (R'miljard)	R18.1	Jan-Apr	-R22	R83.8	R107.8
Reserwes na Lopende Rekeningtekort (R'miljard)	R8.7	Jan-Apr	R6.4	R47.8	R29.7
Netto Buitelandse Reserwes (\$'miljard)	\$32.9	Apr	\$33.1	\$31.3	\$22.98

* Die terme periode, jongste en vorige verwys na die jaar-tot-jaar groei in die betrokke aanwyser vir onderskeidelik die jongste beskikbare en vorige maand. Ekonomiese groei verwys egter na die groei in een kwartaal na 'n volgende kwartaal, uitgedruk in jaarterme en aangepas vir seisoensfaktore – vorige verwys dus na die groei tussen die vorige twee kwartale. Kumulatiewe syfers verwys na die totale bedrag van die begin van die jaar tot die jongste en vorige maande. Die repo- en prima koers verwys na die koers op die vorige rentekoersvergadering en jaareinde koerse.

** Die handelstekort van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens soos bo aangetoon verskil van die werklike bedrag wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik word omdat die Reserwebank ook handel na die doeane-unie insluit.

EKONOMIESE GROEI

Ekonomiese groeimomentum (as die ekonomie die res van die jaar in dieselfde tempo as in die eerste kwartaal groei) vir die eerste kwartaal het verlangsaam tot 2.1% vanaf 5.3% in die vierde kwartaal. 'n Feit wat egter deur meeste ontleders misgekyk word, is dat ekonomiese groei steeds 4% was wanneer dit met die eerste kwartaal van verlede jaar vergelyk word. Dit is 'n goeie prestasie in ag genome die elektrisiteitskrisis, hoër rentekoerse en stygende olie- en voedselpyryse.

Groeimomentum was gedryf deur die konstruksie-, handels- en finansieringsektore. Die konstruksiesektor het weer gesprankel met momentumgroei van 14.9% om 0.5% tot die groeikoers van 2.1% by te dra. Ten spyte van hoër pryse en rentekoerse, het die handelsektor 'n groeikoers van 3.6% aangeteken (in vergelyking met 2.1% in die vierde kwartaal), terwyl die finansiële sektor 4.9% (8.5% in die vierde kwartaal) aangeteken het. Die 12.5% groeimomentum van die landbousektor moet ook nie buite rekening gelaat word nie.

Die mynbedryf se groeimomentum het gekrimp teen 'n koers van 22.1%, wat die land se groeikoers met 1.1% verlaag het. Vervaardiging het ook met 1% gekrimp wat die groeikoers met 0.2% verlaag het.

Afgesien van die elektrisiteitskrisis, was groeimomentum ook nadelig beïnvloed deur die Paasfees publieke vakansiedae in die eerste kwartaal (dit was verlede jaar in die tweede kwartaal). Tegnies het dit produksie verlaag. Alhoewel die groeimomentum vir die tweede kwartaal deur die hoër inflasie- en rentekoerse beïnvloed word, mag dit dalk styg weens die tegniese publieke vakansie-aspekte.

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.



Aan die vraagkant het huishoudingbesteding se groeimomentum wel tot 3.3% afgeplat, maar dit was steeds meer as die groei in inkomste van 2.7%. Gevolglik het ontsparing verder gestyg tot 0.7% van besteebare inkomste. En investering se groeimomentum het versnel tot 14.7% van 14.1% af. Dit het veroorsaak dat groei in bruto binnelandse besteding 14.2% beloop het, wat die produksiegroei van 2.1% ver oorskry het – en dus tot die vergroting in wanbalanse bygedra het.

INFLASIE EN RENTEKOERSE

Alhoewel die repokoers op 12 Junie tot 12% verhoog is en sodoende die primakoers tot 15.5% gelig het, is die einde van die stygende siklus in sig. Nog 'n verhoging van 50 basispunte in Augustus lyk na 'n uitgemaakte saak, maar dit kan die laaste koersverhoging in hierdie siklus wees.

Die Monetêre Beleidskomitee het in sy verklaring sy inflasievoorsig tot 'n gemiddeld van 12% in die derde kwartaal verander, waarna dit geleidelik afwaarts behoort te neig om die inflasieteikenband in die derde kwartaal van 2010 te bereik.

Die elektrisiteit- en olieprysstygings sal die omvang van die inflasiestyging bepaal. Indien die regering Eskom bystaan, kan die inflasie-impak van elektrisiteitskoersverhogings beperk word. En indien oliepryse daal, sal die styging in die VPIX skerp val.

Nog 'n faktor om fyn dop te hou, is internasionale ontwikkelings in rentekoerse. Indien koerse in die EU en VSA verhoog, kan dit tot 'n uitvloei van portefeuljekapitaal in Suid-Afrika lei wat sal bydra tot die depresiasie van die rand. Indien die depresiasie ernstig is, sal rentekoerse dalk na Augustus verhoog moet word.

LOPENDEREKENING-TEKORT

Die lopenderekening-tekort het tot 9% van Bruto Binnelandse Produk (BBP) in die eerste kwartaal vergroot. Hoewel dit die grootste lopenderekening-tekort in die land se geskiedenis is, moet dit versigtig beoordeel word.

Eerstens, elektrisiteitsprobleme het tot stadiger produksie bygedra, wat die BBP-groei verlaag het en dus die verhouding tussen die lopenderekening-tekort en BBP oordryf. Tweedens, kragonderbrekings het tot laer uitvoere gelei, wat die handelstekort vergroot het. Derdens, weens kleiner produksie is meer ingevoer, wat die lopenderekening-tekort vergroot het.

Dus kon die lopenderekening-tekort onder normale omstandighede laer gewees het. Die lopenderekening-tekort sal egter groot bly omdat die groot infrastruktuurinvoere nou eers begin. En dit sal voortduur totdat die elektrisiteitsprobleem opgelos is en oliepryse daal of stabiel bly (omdat dit saam met masjinerie die grootste invoer-items is). Die lopenderekening-tekort sal dus 'n groot risiko vir die randwisselkoers, inflasie en rentekoerse bly.

VOORUITSIG

Laer ekonomiese groei, hoë inflasie en meer druk op rentekoerse bly die vooruitsig. Alles kan in 'n oomblik verander indien oliepryse na \$100 per vat terugsak. Dit sal slegs gebeur indien OPUL besluit om meer olie te produseer, of indien Chinese ekonomiese groei val, wat die wêreld tot naby 'n ekonomiese resessie sal stuur – iets wat vermy moet word.

Prof Chris Harmse
Hoof Ekoonoom

Johann van Tonder
Ekoonoom

Tony Gustavo
Senior Handelaar en Tegniese Ontleder

Junie 2008

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspuitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

